


*Official quarterly newsletter of Bergrivier Municipality*
*June 2016*

## RAADSHEERSKAP

Die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Evert Manuel, het sy status as Raadsheer ontvang tydens die Raadsvergadering op 31 Mei 2016. Hier oorhandig die drie dienende Raadshere van Bergrivier naamlik (van links na regs) Raadsheer Ray van Rooy, Raadsheer Johan Raats en Raadsheer Riaan de Vries die oorkonde aan Raadsheer Evert Manuel.



## BELGIESE BESOEK AAN STEDEBAND

Gedurende Mei 2016 is die Munisipale Bestuurder van Bergrivier, Adv Hanlie Linde, en die Direkteur Tegniese Dienste, mnr Hendrik Kröhn, na België vanaf 21 – 29 Mei 2016 om saam met Heist-op-den-Berg (ons Stedeband vennoot) aansoek te doen vir fondse vanaf die Federale Regering van België. Die fondsaansoek is vir vaste afval bestuur en 'n opwindende program wat Bergrivier Munisipaliteit wil implementeer in Velddrif, Porterville en Piketberg om ons gebied skoon te hou en terselfdertyd mense te bemagtig, kennis en vaardighede oor te dra, herwinning te bevorder en aan entrepreneurs geleenthede te bied om van afvalmateriaal 'n besigheid te maak. Die tema van die projek is "Turning Waste into Prosperity".



Op die foto van links na regs is Thomas Peeters, Kelly van Tendeloo en Luc Vleugels van Heist-op-den-Berg (laasgenoemde is hul Burgemeester), Hendrik Krohn (Direkteur Tegniese Dienste Bergrivier), Hans Welters (Munisipale Bestuurder van Heist), Hanlie Linde (Munisipale Bestuurder van Bergrivier) en Intje van Kerckhoven van Heist-op-den-Berg gemeente.

## VERKIESING

Met die Plaaslike Verkiesings van 3 Augustus 2016 net om die draai bedank ons graag ons 2011-2016 Raad van harte. Hulle harde werk word duidelik weerspieël in die suksesse wat Bergrivier Munisipaliteit behaal het onder hulle leiding.



Foto: Agter van links na regs: Direkteur Korporatiewe Dienste Vivian Kotzee, Direkteur Tegniese Dienste Hendrik Kröhn, Munisipale Bestuurder Adv Hanlie Linde en Direkteur Finansiële Dienste Kobus van Niekerk. Middel van links na regs: Raadslid April Maarman, Raadslid Sanet Smit, Raadslid Christerien Snyders, Raadslid Chris Snyders, Onderburgemeester Raadslid Sandra Crafford, Raadslid Danny Smith en Raadslid Johan Botha. Voor van links na regs: Raadsheer Riaan de Vries, Uitvoerende Burgemeester Raadsheer Evert Manuel, Speaker Raadsheer Johan Raats en Raadsheer Ray van Rooy. Inlas: Raadslid Wayne Dirks en Raadslid Sammy Claassen.

## WINTERKARNIVAL


Op 16 Julie 2016 eindig die 55ste Bergrivier Kanomarathon in Velddrif en gaan die dorp, soos oudergewoonte die geleentheid aangryp om fees te vier. 'n 'Mini' pret kanovaart begin om 09:00 in Bokkomlaan en alle ervare en minder-ervare roeiers is welkom om die vaart mee te maak wat by die Riviera Hotel eindig. Die Velddrif Blaasorkes sal verrigtinge amptelik om 10:00 in die Karnavaltent open. Die bokkom skil en eet kompetisie sal om 10:30 begin. Hierdie fees is glad nie onbekend aan die Velddriwwers nie en beloof om baie 'interessant' te wees.




***Kom ons ondersteun ons stukkie Weskus!***

## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT DERDE BESTE IN SUID-AFRIKA

Bergrivier Munisipaliteit is gedurende Maart 2016 aangewys as die ***3de beste Munisipaliteit in Suid-Afrika (SA)***. Die evaluering is gedoen deur "Good Governance Africa". Hulle doel is om betroubare en feite-gebaseerde inligting te genereer oor die status van Plaaslike Regering in Afrika. Hierdie studie het hulle spesiaal gedoen met die oog op die Plaaslike Verkiesings in SA op 3 Augustus 2016. Hulle was so geskok deur die uitslae dat hulle dit laat oudit het deur KPMG. 9 van die top 10 (en 15 uit die top 20) munisipaliteite in SA is in die Wes-Kaap, met ons bure Swartland Munisipaliteit in die 4de plek en Saldanhabaai Munisipaliteit in die 8ste plek. Die volle verslag beslaan 49 bladsye. Die verslag bevat ook skokkende uitslae oor die res van SA se munisipaliteite en die dringende behoefte aan 'n aansienlike verbetering in die kwaliteit van administrasie en dienslewering. 234 uit die 278 munisipaliteite was ingesluit by hierdie omvattende studie. "Good Governance Africa" vier die prestasies van die beste munisipaliteite en ontbloot die swakstes sodat daar verbetering kan kom. Die volle verslag is beskikbaar by die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir insae.
By Bergrivier Munisipaliteit is ons baie trots op hierdie prestasie, maar ook diep dankbaar vir groot Genade. ***Aan al ons mense: Baie geluk en baie dankie!*** Nou is ons op die podium! Nou kan ons saam nog harder werk aan ons blink en volhoubare toekoms.




Bron: '*Good Governance Africa*" 2016 verslag


## ECO LOGIC AWARDS

Bergrivier Municipality has been awarded the national award in the Eco Logic Awards Competition on 21 April 2016 for our FLOW programme (Foster Local Wellbeing). The FLOW Programme is a transdisciplinary research project, based at the African Climate and Development Initiative (ACDI) at the University of Cape Town. It was conceptualised by Meshfield, developed in partnership with the ACDI and the Bergrivier Municipality, and co-funded by the Flanders Government (through the South African Treasury's Technical Management and Support (TMS) programme), Meshfield and the Bergrivier Municipality. The FLOW implementation team, led by Meshfield, includes UCT academics, officials from Bergrivier Municipality, Bergrivier residents and a multi-disciplinary team of sustainable development professionals. A partnership benefitting all and especially our communities.



Photo: from left to right: Ms Ray-Anne Sedres from Santam, Municipal Manager Adv Hanlie Linde, Bergrivier Municipality, and Deputy Mayor Councillor Sandra Crafford, Bergrivier Municipality.

## INTEGRATED ZONING SCHEME




The full Council of Bergrivier Municipality passed the Integrated Zoning Scheme By-Law on 31 May 2016. Thereby becoming the first municipality in the Western Cape to obtain this integration between the zoning schemes of the different amalgamated towns. The new zoning scheme has been widely published for public comment and will now be published in the Government Gazette.


## BEGROTING 2016/2017


Bergrivier Munisipaliteit se 2016/17 begroting is gemik op doeltreffende dienslewering en die verbetering van die lewensgehalte van alle mense binne die Bergrivier munisipale area.


**Met baie harde werk kon die Raad dit regkry om die tariefverhogings vir die 2016/2017 finansiële jaar so laag as moontlik te hou:**

| TIPE | % VERHOGING |
|---|---|
| EIENDOMSBELASTING | 6% |
| RIOOL | 6% |
| WATER | 6% |
| VULLISVERWYDERING | 6% |
| ELEKTRISITEIT | 7% |




**LW: DIE BETAALDATUM VAN U EERSTE REKENINGE NA 1 JULIE 2016 GELEWER (BETAALBAAR AUGUSTUS) SKUIF TERUG NA DIE LAASTE WERKSDAG VAN DIE MAAND.**

**Die Raad het dit goedgekeur op versoeke ontvang vanaf die gemeenskap tydens Aprilmaand se publieke vergaderings.**

## KAPITAAL PROJEKTE

Bergrivier Munisipaliteit het in 2015 fondse bekom by die Kantoor van die Premier om Wittewater se waterbron op te gradeer ter waarde van R1,145 miljoen. Hierdie projek is suksesvol afgehandel om ons gemeenskap in Wittewater te help aangesien hulle drinkwater van 'n baie swak gehalte van die Morawiese Kerk ontvang. In 2016 het Bergrivier Munisipaliteit weer aansoek gedoen vir verdere fondse vanaf die Premier se kantoor en is R3,1 miljoen hiervoor goedgekeur. So help ons al ons gemeenskappe! Hier is Premier Helen Zille saam met Wittewater se bosspan wat met die projek gehelp het.



## NUUSBROKKIES

### MOOILOOP

Die gewilde tv-program Mooiloop met aanbieders Elma Postma en Denver Phokaners het vanaf 12 tot 14 Mei 2016 opnames in Piketberg gedoen en vanaf 1 tot 4 Junie 2016 in Porterville. Indien jy die uitsending misgeloop het, kan jy dit bestel by ***www.mooiloop.tv***. Mooiloop!

### BEHUISING

Op 13 Mei 2016 het die Uitvoerende Burgemeester die voorreg gehad om die eerste 38 uit 116 huise in Porterville aan persone ouer as 60 jaar te oorhandig. Die bejaardes was vir 'n tydperk langer as 15 jaar op die waglys en is die sleutels met baie trane van dankbaarheid ontvang tydens 'n waardige oorhandigingsseremonie. Hier ontvang mnr Chrisjan Ambraal, 68 jaar oud, sy sleutel van sy huis vanaf die Uitvoerende Burgemeester Raadsheer Evert Manuel.



Vir enige navrae kontak gerus die naaste kliëntediens beampte:
Piketberg: 022 913 6000 * Porterville: 022 931 2100 *
* Velddrif: 022 783 1112 *